SUN JOMAR REKENMEESTERS

WERKSOPDRAG: VOOR-AANSTELLING

Hierdie werksopdrag bestaan uit een saamgestelde vraag. Die vraag word beste beantwoord deur dit stelselmatig van bo na onder te verwerk. Die doel hiervan is om die skrywer se algemene rekeningkundige kennis te toets en dek ‘n verskeidenheid van baie maklike tot moeiliker onderwerpe. Antwoord net wat gevra word.

Onbeperkte aaneenlopende tyd word toegelaat om die antwoord te voltooi. Die skrywer mag boeke en handleidings tydens die werksopdrag gebruik, maar mag nie direkte en spesifieke hulp, in enige vorm, bekom nie. Die gebruik van ‘n sakrekenaar is toelaatbaar. Die gebruik van ‘n rekenaar is ontoelaatbaar. Die antwoordstel moet per hand in pen geskryf word. Alle bladsye van die antwoordstel moet numeries genommer word.

Skryf u naam, datum en aanvangstyd aan die begin van u antwoordstel. Doen alle berekeninge in hakies onderaan of langsaan elke joernaal, aantekening en staat. Ignoreer sente.

Mnr J N van der Westhuizen (Jnr) is die alleen-eienaar van die sportwinkel, Zonic Sports. Mnr Van der Westhuizen (Jnr) is 44 jaar oud, gebore op 13 Mei, woonagtig in die suidelike voorstede van Kaapstad, Suid-Afrika, en is buite gemeenskap van goedere getroud met 2 pragtige kinders ouderdomme 14 en 16.

Mev Van der Westhuizen doen Zonic Sports se boekhouding tot op proefbalans-vlak en het die volgende proefbalans vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 opgestel. Sy het ook verskeie aantekeninge en werkspapiere hierby aangeheg.

Uself tree op as die besigheid se rekenmeester. U aanstellingsbrief bepaal dat u die finansiële jaarstate van mnr Van der Westhuizen (Jnr) moet opstel en by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens indien. Verskeie ander rekenmeesterswerk gaan hiermee saam. Die besigheid is vir BTW vanaf 1 Maart 2015 op die faktuurbasis geregistreer en val onder kategorie B. Die BTW-standaardkoers beloop 14%.

ZONIC SPORTS

VOOR-AANSUIWERINGS PROEFBALANS

VIR DIE JAAR GEëINDIG 28 FEBRUARIE 2021

	Fol	Dt	Kt
		R	R
Verkope	N1		1144186
Aankope	N2	653856	
Rente Ontvang: Saamvou Bank	N3		6548
Advertensies	N4	2366	
Bankkoste	N5	7886	
Brandstof en Herstelwerk	N6	14868	
Donasies Betaal	N7	2000	
Herstelwerk: Toerusting en Meubels	N8	3374	
Huur Betaal: Besigheidsperseel	N9	22000	
Lisensies	N10	350	
Ongevalleversekering	N11	540	
Rekenmeestersgelde	N12	2300	
Rente Betaal: Saamvou Bank	N13	1420	
Rente Betaal: SouthBank	N14	15	
Salarisse en Lone	N15	83032	
Sekuriteitsdienste	N16	5000	
Skryfbehoeftes en Drukwerk	N17	1420	
Telefoon en Posgeld	N18	13300	
Versekering	N19	4800	
Water en Elektrisiteit	N20	5280	
Werkloosheidversekeringsfondsbydraes	N21	1540	
Kapitaal: Mnr J N van der Westhuizen (Jnr)	B1		560598
Trekkings: Persoonlik	B2	67187	
Trekkings: Medies	B3	14078	
Huurkooplening: SouthBank	B4	14768	
Lening: Mnr Van der Westhuizen (Snr)	B5		400000
Voertuie	B6	1038000	
Toerusting en Meubels	B7	89150	
Voorraad op Hande	B8	57000	
Debiteurekontrole	B9	23500	
Huurdeposito	B10	2000	
Bank: Saamvou Bank	B11	?	
Krediteurekontrole	B12		37000
Besoldiging Kontrole	B13	300	
BTW Kontrole: Uitsette	B14		27705
BTW Kontrole: Insette	B15	24250	
Belasting Verskuldig	B16		9400
Afwag	B17	4344	

ZONIC SPORTS

AANTEKENINGE EN WERKSPAPIERE

1. Die huur betaal beloop R2000 p m. Februarie se huur is eers na jaareinde vereffen en nie geboekstaaf nie. Die verhuurder is nie vir BTW geregistreer nie.

2. Die eindvoorraad op jaareinde, volgens die voorraadlyste, beloop R65000 teen kosprys. Die voorraadsyfer is nagegaan en word as korrek beskou. Die eindvoorraad is nie geboekstaaf nie. Die besigheid gebruik die EIEU periodieke voorraad-grondslag.

3. Die Van der Westhuizens se woonhuis en persoonlike besittings is in mev Van der Westhuizen se naam. Mnr Van der Westhuizen (Jnr) besit geen vaste eiendom en persoonlike besittings nie. Die besigheid se vaste bates is soos volg opgesom:

	Kosprys	Drabedrag
Voertuie - 20% Reguitlyn-metode		
2018 Toyota Bakgat Bakkie (02/03/2018)	R330000	R198000
2020 Toyota FastyFast Sportster (30/08/2020)	R840000	R0
Toerusting en Meubels - 20% Verminder Saldo-metode		
Toonbanke (01/03/2015)	R40000	R13107
Rakke (01/03/2015)	R60000	R19660
Lugreëllaar (01/03/2015)	R30000	R9830
Kasregisters (01/03/2015)(28/02/2021*)	R20000	R6553
“Point-of-Sale” Kasregisters (28/02/2021)	R80000	R0

* Die ou kasregisters is op 28 Februarie 2021 vir R45600 (BTW inklusief) verkoop.

4. Die krediteurekontrole se R37000 is opgemaak uit aankoop-fakture van R35000 nog nie op jaareinde betaal nie, asook die voorsiening van rekenmeestersgelde van R2000. Die volgende belastingfakture vir Februarie 2021 is ook eers op 15 Maart betaal:

Telkom Revamped Ltd	Telefoon	R1000	R140	R1140
OUR Municipality	Water en Elektrisiteit	R500	R70	R570
OUR Municipality	Verkeersboete	R1000		R1000
Telop Rekenmeesters	Rekenmeestersgelde	R1500	R210	R1710

5. Mev Van der Westhuizen raak gereeld deurmekaar met haar kasboek-invoere. Sy is nou onseker wat die korrekte bankbalans is wat op die proefbalans moet verskyn, en het dit nie ingevul nie. Haar bankrekonsiliasie op jaareinde klop soos volg:

Bankbalans op 1 Februarie 2021		R37238
Totale Ontvangstes vir Februarie	+	R90487
Totale Betalings vir Februarie	-	R108212
Bankbalans op 28 Februarie 2021	=	R19513
Uitstaande Tjeks	+	
#789* ATKV Hartenbos Vakansieoord		R2000
#790* Knysna Boskamp		R2000
#791* Port Elizabeth Holiday Inn		R2000
Bankstaatbalans op 28 Februarie 2021	=	R25513

* Die uitstaande tjeks is vir persoonlike trekkings.

6. Zonic Sports verkoop net in spesiale omstandighede op krediet. Alle verkope sluit BTW in. Alle kredietverkope vir die jaar is korrek en volledig geboekstaaf.

Die plaaslike Amaskopskop Sokkerklub se sporttoerusting en klere is tydens Januarie gesteel en kort voor jaareinde het die klub, as gevolg van ‘n tekort aan fondse, sy deure gesluit. Daar bestaan tans geen moontlikheid om die skuld van R10260 te vorder nie.

Daar is sprake dat ‘n plaaslike atletiekklub dieselfde padjie gaan loop en die besigheid het alle kredietverkope aan die klub gestaak. Daar is nog nie besluit om die skuld van R3420 af te skryf nie, maar voorsien mnr Van der Westhuizen dat die skuld nie gevorder sal kan word nie.

7. Mev Van der Westhuizen allokeer ontvangstes en betalings, waar sy nie weet waarna om dit te allokeer nie, na die Afwag-rekening. Geen BTW uitsette en insette is tot op datum op hierdie transaksies verklaar of geëis nie. Die Afwag-rekening lyk soos volg:

		Dt	Kt
26/05/2020	Here-You-Are Deliveries* (Aankope)	R285	
23/07/2020	Here-You-Are Deliveries (Aankope)	R285	
31/08/2020	SAID (Eerste Voorlopige Betaling)	R2000	
17/11/2020	Saamstaan Versekering (Eis)		R1710
23/12/2020	Here-You-Are Deliveries (Aankope)	R285	
23/12/2020	Here-You-Are Deliveries (Verkope)	R114	
23/12/2020	Here-You-Are Deliveries (Aankope)	R285	
01/01/2021	Margeret Venter (Personeellening)	R1000	
31/01/2021	Margeret Venter (Personeellening)		R100
28/02/2021	Margeret Venter (Personeellening)		R100
28/02/2021	SAID (Tweede Voorlopige Betaling)	R2000	

* Here-You-Are Deliveries is vir BTW geregistreer en het wettige Belastingfakture aan Zonic Sports oorhandig.

8. Op 17 Oktober 2020 het ‘n dief by ‘n oop venster by Zonic Sports ingeklim en, ten spyte daarvan dat die alarm afgegaan het, weggekom met ‘n “websuite”, vroeër aangeskaf vir R2500 (BTW eksklusief). Daar was geen ander skade nie. Die versekeringseis is na die Afwag-rekening geallokeer. Die diefstal is nie geboekstaaf nie.

9. Mnr Van der Westhuizen (Jnr) het vir beide sy kinders sporttoerusting, vroeër aangeskaf vir R1140 (BTW inklusief) elk, as kersgeskenke uit die winkel geneem. Mnr Van der Westhuizen is geregtig om voorraad teen kosprys te neem. Hierdie transaksie is nie geboekstaaf nie.

10. Mnr Van der Westhuizen (Jnr) het op 1 Junie 2020 R400000 by sy vader, mnr Van der Westhuizen (Snr) geleen en die fondse gebruik om die besigheid se oortrokke bankrekening en huurkooplening, oor die 2018 Toyota Bakgat-bakkie, ten volle af te los. Die lening is terugbetaalbaar in jaarlikse paaiemente van R50000 elk op 1 Junie jaarliks. Die rentekoers is vasgestel op prima min 2% (jaarliks saamgestel). Primakoers het net eenkeer tydens die jaar op 1 Oktober 2020 gedaal vanaf 11,5% p j na 10,75% p j.

11. Die besigheid betaal jaarliks ‘n vaste fooi van R2400 plus BTW aan die sekuriteitsmaatskappy, Safe and Sound, om kontant tussen die besigheid en bank te vervoer. Safe and Sound was op 1 April 2020 vir die volle dienstermyn van twaalf maande vergoed.

12. Die besigheid het 2 voltydse werknemers wat vanaf Maart 2020 die volgende maandelikse salarisse ontvang. Geen bonusse, verhogings en ander byvoordele is tydens die jaar toegestaan nie. Die rentevrye personeellening en terugbetalings aan en van Margeret is apart na die Afwag-rekening geboek. Die maandelikse salarisstrokies is korrek.

		Salarisstrokies	
		Margeret Venter	Elfrieda Vosloo
Bruto Salaris		R3000	R4000
Werknemersbelasting	-	R0	R128
Werkloosheidversekering	-	R30	R40
Netto Salaris	=	R2970	R3832

13. Februarie se LBS en WVF was eers op 7 Maart 2021 oorbetaal. Die transaksies is nie geboekstaaf nie.

14. ‘n Boete van R300 is vir laat-indiening en -betaling van werknemersbelasting tydens die jaar aan die SAID oorbetaal en na die Besoldiging Kontrole-rekening geallokeer.

15. Mev Van der Westhuizen het alle BTW-opgawes tot en met die vir November en Desember 2020 ingedien en betaal. Die balans van die BTW Kontrole-rekeninge op 31 Desember 2020, asook die BTW betaalbaar volgens die BTW-opgawe, asook die bedrag op 25 Januarie 2021 oorbetaal, beloop R4812. Die betaling op 25 Januarie 2021 is tussen uitsette en insette gesplit en teen die BTW Kontrole-rekeninge afgespeel.

16. Nog geen voorsiening vir normale inkomstebelasting vir die jaar is gemaak nie. R9400 se belasting is vanaf die vorige belastingjaar uitstaande.

17. Die vorige jaar se voorsiening vir rekenmeestersgelde van R2000 is nog nie teruggeskryf nie. Dit word voorsien dat die huidige jaar se rekenmeesterswerk sowat R2500 sal beloop.

18. Mnr J N van der Westhuizen (Snr) het op 25 Desember 2020 aan elk van sy twee kleinkinders R10000 gegee, op voorwaarde dat hul ouers die geld vir hul verdere studies belê. Die skenkings is op die kinders se name in vaste deposito's by Going Back West Bank belê, waar dit rente verdien teen 8% p j.

19. Mev Van der Westhuizen verdien geen salaris vir haar dienste aan Zonic Sports nie. Mnr J N van der Westhuizen (Jnr) het sy vrou 'n winsdeel van R20000 beloof, mits die besigheid 'n voor-belasting-wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 maak. Sodanige winsdeel sal aan haar vereffen word wanneer fondse dit toelaat.

VAN U WORD VERLANG:

1. Joernaliseer alle aansuiwerings nodig om die finale proefbalans van Zonic Sports vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 op te stel.

2. Stel die gedetailleerde inkomstestaat van Zonic Sports vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 op. Die inkomstestaat se netto wins hoef nie inkomstebelasting in ag te neem nie. Aantekeninge word nie benodig nie. Vergelykende syfers word nie benodig nie.

3. Bereken mnr J N van der Westhuizen (Jnr) se belastingaanspreeklikheid vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021. U kan die onderstaande belastinggegewens as korrek aanvaar. Aanvaar die rekeningkundige netto wins volgens die inkomstestaat van R129 409 as korrek.

4. Stel die balansstaat van Zonic Sports op 28 Februarie 2021 op. Gebruik die uitleg Kapitaal Aangewend en Aanwending van Kapitaal. Die balansstaat moet inkomstebelasting in ag neem. Aantekeninge word nie benodig nie. Vergelykende syfers word nie benodig nie.

5. Stel die Langtermynlenings-aantekening van Zonic Sports op 28 Februarie 2021 op in terme van AARP. Vorige jaar syfers word benodig. Ontbrekende syfers word met 'n ***x*** aangedui.

6. Voltooi die BTW201-opgawe vir Januarie en Februarie 2021. Mev Van der Westhuizen sal die opgawe vanaf u berekening invul.

7. Voltooi die EMP201-opgawe vir Februarie 2021. Mev Van der Westhuizen sal die opgawe vanaf u berekening invul.

8. Mnr Van der Westhuizen (Jnr) sukkel om maandeliks krediteure te vereffen en is ietwat bekommerd oor Zonic Sports se korttermyn-vermoë om sy skulde te delg. Konsulteer baie kortliks aan die hand van twee formules rakende die besigheid se likiditeitsposisie. Verskaf 'n bondige oplossing vir die probleem.

9. U neem waar dat die totale Telefoon-uitgawe vir die jaar met ver meer as die inflasiekoers gestyg het. Mnr Van der Westhuizen (Jnr) en sy eggenoot kon aan geen rede dink waarom die Telefoon-rekeninge so hoog is nie en vermoed nou dat iemand die besigheid se telefoon misbruik. Konsulteer kortliks, aan die hand van die beste vyf interne beheermaatreëls, voorstelle om die probleem te bekamp.

10. Skryf die huidige tyd en tydsduur, vir voltooiïng van die antwoordstel, aan die einde van u antwoordstel.

Punte: 300

BELASTINGGEGEWENS VIR 2021:

Belastingskale	
Tot op R80 000	18%
Oor R80 000 tot op R130 000	R14 400 plus 25%
Oor R130 000 tot op R180 000	R26 900 plus 30%
Oor R180 000 tot op R230 000	R41 900 plus 35%
Oor R230 000 tot op R300 000	R59 400 plus 38%
Oor R300 000	R86 000 plus 40%

Kortings	
Primêr	R6300
Ouderdoms	R4500
Kinder	R0

Tersaaklike Vrystellings en Aftrekkings	
Rentevrystelling	Tot R10000
Dividendvrystelling	Ten volle
Mediese Koste	Ten volle, indien ouer as 65 jaar
	Anders, alles bo 5% van belasbare inkomste
Art18A Skenkings	Beperk tot 5% van belasbare inkomste